**DIE EIKESTADWINKEL**
(Edms.) Bpk.
C.S.V.-gebou, Stellenbosch.
Ons het so pas 'n aantal Klaargemaakte
**AANDPAKKE**
ingekry, Nos. 3 tot 7 teen £6-15-6 (min 5% vir kontant).
Deftige Klaargemaakte D.B. en E.B. pakke vanaf £5-15-0 tot £7-2-6.

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 21. VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1942. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

# A.N.S.-TAK LEEF VOLKSBEWEGINGSGEDAGTE UIT

## Liberalistiese Konsiliasiepolitiek Verdoem

## Nuwe Taksleier Neem die Leisels

**Verlede Dinsdagaand op 'n ledevergadering van die A.N.S. is mnr. P. A. Theron tot leier van die tak alhier verklaar. Die nuwe taksleier het die A.N.S. se dank oorgedra aan mnr. W. A. Joubert, die aftredende leier, vir sy kragtige en bekwame leiding waaraan die sterkte van die A.N.S. in die verlede hoofsaaklik toegeskryf kan word. Verder het mnr. Theron beklemtoon dat die tak in die toekoms doelbewus die Liberalisme sal bekamp en die positiewe Afrikanerrigting sal propageer en nastreef met alle middele tot sy beskikking.**

Die vergadering wat plaasgevind het in die C.S.V.-saal is geopen met 'n gebed deur mnr. G. F. Retief, voormalige voorsitter F.C.S.V. Mnr. W. A. Joubert het verduidelik dat die doel van hierdie vergadering was om sake wat voortvloei uit die jongste kongres te bespreek. Hy het verder beklemtoon dat die Kongres 'n groot sukses was, ook insoverre dit 'n nouer samewerking tussen die Noordelike en Suidelike takke bewerkstellig het. Elke kongres was 'n stap in die ontwikkeling van die A.N.S.; die laaste kongres het hom veral toegespits op die idee van Volksbeweging. Spreker wys op die rol van die Afrikaans Nasionale Jeugbeweging waarvan die F.C.S.V. en die A.N.S. lede is, en elk sy belangrike funksie in die Volksbeweging vervul.

**Mnr. F. Kock.**

Vervolgens het die Uniale leier van die F.C.S.V., mnr. F. Kock, die doelstelling en strewe van hierdie liggaam uiteengesit in die volgende punte.

1. F.C.S.V. is geen politieke organisasie nie.

2. Dit is 'n federatiewe organisasie ter handhawing van christelike geloofswaarhede.

3. Ons strewe is tot onvrugbaarheid gedoem ónder die BRITSE KONNEKSIE. Ons stryd is egter ook en veral teen die Vrymesselaar-demokrasie, Vrybuiterskapitalisme en belydenislose Metodisme.

4. Daarom strewe ons as Calvinistiese Boerestudente na 'n suiwer Republiek, waarin die Christelike volksmoraal en Skriftuurlike denke sal geld op alle gebiede.

5. Ons moet ons beginsels suiwer stel ,omdat ons na Bo verantwoordelik is en ons mag dit nie verloën terwille van EENHEID nie. Eenheid buite God en sy Woord is prinsipieel anti-christelike eenheid.

6. F.C.S.V. werk ten nouste saam as lid van die Volksbeweging met ander volksorganisasies.

7. F.C.S.V. beoog nouer samewerking met die A.N.S.-tak op Stellenbosch en verneem met blydskap van die anti-liberalistiese beweging wat deur die A.N.S.-tak alhier op tou gesit is verlede jaar.

Mnr. Joubert het mnr. Kock bedank en verder sy waardering uitgespreek vir die noue samewerking tussen dosente en die A.N.S. in ons stryd teen die negro-filistiese liberaliste. Prof. van Eeden het vervolgens die Afrikanerstandpunt teenoor die naturel uiteengesit en die beginsel van differensiasie beklemtoon.

**Prof. van Eeden**

het verklaar dat die standpunt wat die Afrikaner vandag nog inneem teenoor die naturel, dié is wat vasgelê is deur ons Trekker-voorvaders waarin daar skeiding gemaak is tussen blank en gekleurd op sosiale, ekonomiese en territoriale gebied. Alhoewel dit moeilik uitvoerbaar sal wees in die praktyk is die planne alreeds opgetrek.

Ons vyande beweer dat ons die naturel onderdruk terwyl ons die beginsel van voogdyskap beoog, d.w.s. die naturel word aangehelp om te ontwikkel volgens sy eie volksaard. Selfs ons eie volksgenote span saam teen ons beleid met konsiliasie-maneuwers en politieke sette.

Ons saak is reg en die Afrikaner duld geen kompromis nie. Ons sal ons nie van ons spoor laat afdwing nie, self nie deur broers wat die pad byster geraak het weens verlokken-

*Vervolg op bls. 4 kol. 2.*

## *K.G OP STELLENBOSCH!!*

**Dr. J. F. J. van Rensburg (Komdt.-Genl. van die O.B. en Ere-pres. van die A.N.S.) sal op Donderdag, 27 Aug. om 8-uur n.m. in die plaaslike stadsaal 'n belangrike vergadering hou.**

## *Ons Standpunt*

**Die A.N.S.-tak het na bespreking van die volksbewegingsgedagte deur Prof. Wiid, Prof. van Eeden en Mnr. D. G. Franzsen, op voorstel van mnr. W. A. Joubert die volgende as sy beleid t.o.v. die konsiliasiepolitiek neergelê: —**

**Na aanleiding van die Stellenbosse S.V.R. se besluit om saam met die Universiteit van Witwatersrand aan 'n konferensie deel te neem in verband met laasgenoemde se anti-segregasie beleid, beklemtoon hierdie A.N.S.-tak weereens die standpunt wat hy verlede jaar ingeneem het. Uitgaande van die Volksbewegingsgedagte stel ons ons huidige standpunt ten opsigte van die jongste toenaderingspoging as volg: —**

**In die afgelope veertig jaar — die tydperk van nasionale frustrasie — het die Afrikaner noodgedwonge onder die heersende liberalistiese stelsel in sy stryd uitgegaan van die idee van die regsstaat.**

**Nou egter, na die nasionale ontwaking van 1938, gaan ons volk sy tydperk van Nasionale selfverwesenliking tegemoet met die gedagte van die Volksbeweging, en stel ook die A.N.S. hom op die beginsel van die Volkstaat, teenoor die liberalistiese regsstaat.**

**Ons sal gevolglik ons standpunt teenoor ander elemente in die staat baseer op die eersgeboortereg van die Afrikaner wat hy deur sy Volksbeweging wil bestendig. Daar kan dus nie so iets geduld word as kompromie en verwatering van die geskiedkundige Afrikaanse standpunt in belang van die andersdenkende elemente nie. In die Boere-volkstaat is daar teenoor die rassevraagstuk in Suid-Afrika dus net één standpunt wat sal deurslag gee n.l. die Voortrekkerbeleid van differensiasie en segregasie.**

## Owerhede Weier om Deel te Hê Aan Konsiliasie-kongres

Die brief van die Rektor van Wits aan die Univ. v. Stellenbosch waarin 'n voorstel gedoen word vir onderhandelings tussen die verskillende Universiteite insake die herstel van normale betrekkinge met Wits, is na verneem word deur die Senaat en Raad behandel.

Dit sal onthou word dat die S.V.R. besluit het om deel te neem aan so 'n samespreking en reeds drie studente en een dosent gekies het om Stellenbosch te verteenwoordig.

*Die Senaat sowel as die Raad van die Universiteit van Stellenbosch is van oordeel dat dit 'n aangeleentheid is wat by die studente van die betrokke Universiteite tuishoort en dat hulle hul dus nie daarmee kan inlaat nie.*

## K.S.B. se Eerste Uitvoering

### *Belangstelling Gewek*

Die K.S.B. het verlede Sondag voor 'n aantal vriende en kennisse 'n eerste uitvoering van gewyde musiek gegee. Daar was aansienlike belangstelling onder die aanwesiges.

Die uitvoering kan beslis 'n sukses genoem word en na die end is dan ook van alle kante waarderende opmerkings gehoor.

Dat die belangstelling in die K.S.B. nog steeds toeneem blyk ook uit die onlangse besoek deur prof. F. E. J. Malherbe aan die ateljee. Hierdie belangstelling word baie gewaardeer en, na verneem word, sal daarom voortaan elke Sondagmiddag (4.30) 'n dergelike uitvoering gegee word, sodat belangstellendes die geleentheid sal hê om hulself te oortuig van die vordering van die orkes.

## Adviserende Raad

**Die volgende persone is deur die A.N.S.-tak gekies om die Taksleier as Adviserende Raad by te staan: —**

**W. A. Joubert, W. R. Laubscher, Elise Dürr, S. P. Botha, Bokkie Verster, Christie Slabbert, P. O. le Roux, A. S. Roux, F. A. Kock, B. N. Norgarb.**

*APTEKERS*

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**JOERNING EN SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**GOEIE NUUS**

Als u deftig gekleed wil wees kom na DE WET'S vir u volgende Pak Klere. 'n Groot keuse materiaal in die nuutste kleure.

Pakke na maat gemaak vanaf £6-15-0, £8-0-0, £9-9-0.
Aandpakke: £10-12-6, £11-15-6.
Grys Broeke: 45/6, 57/6, 63/-. Wit Broeke: 45/6, 63/6.

*Satisfaksie gewaarborg of geld terug.*

GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

**Suikerbossie Melksalon**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID.

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

**Van der Stel Bottelstoor**

**Andringastraat STELLENBOSCH**

(Foon 94.)

Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.

Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.

N.B. — Bel Koos Tredouw

vir u volgende Partytjie.

**R. MÜLLER**

EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.

Alle ander soorte

MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



**R. MÜLLER**

(Eiens.) Bpk.

KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Dames dis u plig om u hare by die

**DAMES HAREVERSORGING-SALON**

te laat versorg.

*U voorkoms is hoofsaak.*

U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.

*Ons pryse is na u smaak.*

**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**

**Langmarkstraat 141, KAAPSTAD.**

(Grondvloer).

*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

**R. W. van Rijn,**

BRILMAKER.

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**Die Plaza**

Foon 0013.

BUD ABBOTT

en

LOU COSTELLO

om u te laat skater vir die

LAGSUKSES

**"Ride 'em Cowboy,,**

**Dond. 20, Vryd. 21, Sat. 22 Aug.**

Middagvertoning Saterdag 3 n.m.

**DIE MATIE**

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Korrespondensie: Die Besigheidsbestuurder, Dagbreek, Stellenbosch.

Deel II. 21 AUG. 1942. No. 21.

## Mnr. W. A. Joubert.

Dit is nou byna 'n jaar gelede dat die A.N.S.-tak op Stellenbosch 'n verjonging ondergaan het met die wegsplitsing van die liberalistiese seksie van die toenmalige tak. Tot op daardie datum was die A.N.S.-tak 'n versameling van lede met verskillende lewensbeskouings, en was daar nie sprake van 'n hegte eenheidsorganisasie uitgebou om 'n eenheid van gedagte en strewe nie. Vandaar dan ook die kwynende bestaan van die A.N.S. op Stellenbosch, wat slegs sy bestaan kon regverdig met die hou van gereelde protesvergaderings.

*Na die verjonging beskik die Tak nie alleen oor 'n groter ledetal nie, maar bestaan dit uit lede wat besiel is met een gedagte en een ideaal; die gedagte van Volksbeweging en die ideaal van 'n Republiek gegrond op die Christelik-Nasionale lewensbeskouing van ons Voorvaders.*

Die A.N.S.-tak was toe ook in staat om die stryd aan te knoop teen die liberalisme wat op Stellenbosch hoogty gevier het, o.a. met behulp van sy orgaan „Die Matie." Meer nog, die tak was in staat om 'n positiewe bydrae te maak met die propagering van die beginsels en ideale van die A.N.S. nl. *dat die liberalisties-innerlik-verdeelde regsstaat vervang moet word met 'n eg Afrikaanse organiese Volkstaat.*

Dat die plaaslike A.N.S.-tak hom toe weer op die suiwer volkstandpunt geplaas het, word bewys uit wat op die jongste kongres plaasgevind het. Waar Stellenbosch vroeër steeds met die noordelikes gebots het, was daar op hierdie kongres die nouste samewerking. Die volksverdelende liberalisme het immers verdwyn uit die geledere van die plaaslike tak.

Vir die vaslegging en uitvoering van hierdie beleid is ons vorige Taksleier, mnr. W. A. Joubert, tot 'n besondere groot mate verantwoordelik met sy daadkragtige optrede en leiding. Mnr. Joubert is ook die oprigter van „Die Matie" waardeur 'n kragtige middel geskep is vir die doeltreffende propagering van die A.N.S.-ideale.

Waar mnr. Joubert nou ook die redaksie van „Die Matie," waarop hy van die begin as Hoofredakteur gedien het, vaarwel sê, wil „Die Matie" sy hoogste waardering uitspreek vir sy bekwame leiding en vir die waardevolle dienste wat hy steeds gelewer het. Ons is dankbaar dat hy nog die nouste kontak met die tak sal behou in sy kapasiteit as Provinsiale leier van die A.N.S. en as leier van die plaaslike Anti-liberalistiese Front.

*Die beleid wat in die afgelope jaar deur hierdie A.N.S.-tak gevolg is onder die leierskap van mnr. Joubert, sal ook in die toekoms ons beleid wees.*

**WAAR IS HULLE NOU ? ?**

„Die Matie" wag nog gretiglik vir 'n antwoord op die versoek wat hy by herhaling tot sommige van ons nasionaalgesinde medestudente gerig het wat nie hier saam met die A.N.S. die stryd teen die liberalisme voer nie. Wat is die beginsels wat hulle weghou van ons?

# Die Oorlog

## XXI. Churchill in Moskou.

*„De Waereldgeschiedenis is 't
Waereldgericht,
Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### WOORDE! WOORDE! WOORDE!

In die loop van hierdie oorlog het ons al dikwels van die oor en weer besoekery van bondgenootskaplike regeringshoofde verneem. So het die leiers van die Spilmagte reeds herhaaldelik samesprekings in Duitsland, in Italië of op die grens by die Brennerpas gehad. Ook was daar 'n tyd toe die regeringshoofde van Frankryk en Brittanje mekaar herhaaldelik oor en weer besoek het, gewigtige samesprekings gehou het en nog gewigtiger besluite geneem het. Ook Churchill en Roosevelt het mekaar al meermale ontmoet, een maal selfs op die wye watere van die Atlantiese Oseaan waar die sogenaamde Atlantiese Oktrooi gebore is. Die jongste bondgenootskaplike besoek is dié van Churchill aan Moskou, die eerste maal in die geskiedenis dat 'n Britse premier die Russiese hoofstad met sy teenwoordigheid vereer het. Hierdie besoek het plaasgevind slegs twee maande na die samesprekings in Londen met Molotof, die Russiese Kommissar vir buitelandse sake. Dit is by hierdie geleentheid, soos onthou sal word, dat Brittanje hom verbind het om die Russiese bondgenoot by te staan deur 'n tweede front teen Duitsland in die lewe te roep.

Al hierdie bondgenootskaplike besoeke en samesprekings is sonder uitsondering luid oor die hele wêreld uitgebasuin. Die roerende eensgesindheid en die volste vertroue in die uiteindelike oorwinning is in sterk besluite aangekondig. Perskommentaar het gevolg en ook sy deel bygedra om die beslissende rol van dergelike konferensies te onderstreep. Voorwaar, as 'n oorlog deur konferensies gewen kan word dan sou daar vandag reeds lankal vrede gewees het. Soms het daar wel groot suksesse op dergelike samesprekings gevolg, soms glad niks nie en soms selfs noodlottige nederlae soos in die geval van Frankryk na die luid aangekondigde konferensies tussen Britse en Franse regeringshoofde.

### CHURCHILL BY STALIN

Anders as by sommige vorige samesprekings word die stilswye oor die Moskouse verrigtinge sorgvuldig bewaar. Ons word wel vertel dat „albei regerings vasberade is om die oorlog met al hul mag en energie voort te sit totdat die algehele vernietiging van die Hitlerisme bereik is," dat daar gemeenskaplike besluite oor die voortsetting van die oorlog geneem is, dat die samesprekings in 'n „atmosfeer van hartlikheid en algehele opregtheid" gevoer is en dat Stalin self ses van die 25 heildronke ingestel het by geleentheid van 'n groot eetmaal in die Kremlin. Maar al hierdie dinge, behalwe die ses heildronke, is tog so vanselfsprekend dat hulle nouliks kommentaar verdien. Hoe kan 'n mens nou iets anders verwag as „hartlikheid en algehele opregtheid" van bondgenoot en gasheer Stalin, 'n man met 'n „groot humorsin" soos Reuter ons verseker, al sou sy hoë gas tot dusvér ook al in gebreke gebly het om die beloofde tweede front teen die „Hitlerisme" in die lewe te roep?

### KRITIEKE TOESTANDE IN RUSLAND

Daar is egter baie dinge in verband met die Moskouse konferensie wat nie so vanselfsprekend is nie. Hoe moet 'n mens dit verklaar dat 'n ou en baie besige man soos Churchill dit nodig vind om oor lange omweë oor Egipte Moskou te besoek en dit na Molotof se besoek in Londen, slegs twee maande gelede, toe die geleentheid daar was om uitgepraat en roerend eens met mekaar te word? 'n Mens kan dus met veiligheid aanneem dat Churchill se besoek aan Moskou in verband staan met die kritieke toestande wat sedert Molotof se aanwesigheid in Londen aan die suidelike Russiese front ontwikkel het. Op hierdie kritieke toestande in Rusland is herhaaldelik selfs deur Britse oorlogskommentators en staatsmanne gewys . Ongeveer 'n maand gelede het Cyril Falls, die nugtere militêre deskundige van die Londense Times, die mening uitgespreek dat „as sake gedurende die volgende paar maande sleg gaan, dan sou dit moonlik wees dat Hitler hom so onverwinlik (impregnable) en selfgenoegsaam (self-sufficient) sal maak dat dit feitlik onmoontlik sal wees om hom binne 'n leeftyd (lifetime) onder te kry." Ongeveer dieselfde tyd het die Britse minister, Oliver Lyttelton, op die kritieke 80 dae wat voorlê, gewys en later het hy sy waarskuwing herhaal.

Sedert hierdie Britte 'n maand gelede gepraat het, het toestande in Rusland by die dag versleg. Meer en meer Russiese gebied het verlore gegaan en die voortmars van die Spiltroepe kan nie gestuit word nie. Stalingrad en die lewensnoodsaaklike verkeersweg, die Volgarivier, word ernstig bedreig. Van die ryk Russiese olievelde het reeds 'n gedeelte verlore gegaan en ander word bedreig. Dit is geen kleinigheid dat Rusland reeds grondgebied, en daarby sy rykste en vrugbaarste gebiede, verloor het wat heelwat groter is as Duitsland, Frankryk en Brittanje saam. Dit alles is baie ernstige dinge en die gevaar bestaan dat Rusland kan ophou om 'n ernstige militêre gevaar vir Duitsland te wees en dat Hitler dan sy geweldige oorlogsmasjien na die weste teen Brittanje kan aanwend. Dit kan dus aangeneem word dat Churchill se besoek aan Moskou ten doel gehad het om Rusland so lank en so kragdadig moontlik oorlogvoerend te hou. Om hierdie doel te bereik het hy waarskynlik nuwe en doeltreffender bystand aan Stalin beloof, moontlik 'n Brits-Amerikaanse front aan die Kaukasus of iets anders. Dit is selfs nie onmoontlik nie dat die Churchill-Stalin-byeenkoms 'n wanhoopsdaad is en dat daartoe besluit is onder die druk van militêre en politieke ontwikkelings in die Sowjet-unie. Die volgende paar maande sal moet bewys hoe veel sukses Churchill in Moskou gehad het.

### EN ELDERS?

Intussen het die dag nog nie aangebreek dat die Geallieerdes ook aan ander oorlogsfronte beslissende oorwinnings kan aanteken nie. Rommel sit nog altyd diep in Egipte gevaarlik naby Alexandrië terwyl sy veel geroemde teenstanders Auchinleck en Ritchie plek maak vir andere. Op see gaan die duikbootoorlog teen die Brits-Amerikaanse skeepvaart onverminderd voort. By die Salomo-eilande sou die Amerikane die inisiatief geneem en 'n „historiese" oor-

*Vervolg op bls. 4 kol. 3.*

**Rook Springbok-Sigarette**

## Stellenbosch Word Verdonker

Aangesien daar heelwat gegis word omtrent die verdonkeringsplanne vir Stellenbosch, het „Die Matie" die volgende verklaring van die stadsklerk, mnr. Blersch, ontvang:

„In 'n onderhoud met die Hoof-Streekkommandant van die Burgelike-Beskermingsdienste insake die toepassing van verdonkeringsmaatreëls in die Magistraats-distrik van Stellenbosch, het hy verklaar dat ons daartoe verplig is in ooreenstemming met die opdag van die Vestings-Kommandant.

„Oorspronklik was daar geen plan om tot verdonkering oor te gaan nie, maar blykbaar bestaan daar nou geen keuse wat dit betref nie, asook in simpatie met Kaapstad waar verdonkering al 'n geruime tyd van toepassing is.

„Vertoë is aan die Vestings-Kommandant gerig insake die metode van toepassing van verdonkering. Daar is 'n gedagte om min of meer op dieselfde manier te werk te gaan as Kaapstad, naamlik om die publiek geleidelik op te lei wat betref die idees wat agter die verdonkering skuil, asmede wat van die publiek verwag word ingeval verdonkering toegepas word.

„Die datum vir die verdonkering van Stellenbosch is nog nie vasgestel nie omdat daar gewag word vir die publisering van die verdonkerings-regulasies in die Staats-koerant. Sodra dit verskyn sal 'n uiteensetting daarvan in „Die Landman" verskyn. Afskrifte daarvan sal ook beskikbaar gestel word by die Munisipale kantore ter insage vir die publiek.

„Die gedagte is dat die hele Magistraats-gebied van Stellenbosch, met uitsondering van die dele binne 'n radius van twintig myl met die Stadshuis van Kaapstad binne die verdonkering sal val.

„Die dorp word in wyke verdeel met Streek-Kommandante aan die hoof van elke wyk. Die Universiteit van Stellenbosch val onder wyk ses met mnr. Badenhorst van Soeteweide aan die hoof as Streek-Kommandant.

Die Hoof-Streek-Kommandant spreek die hoop uit dat hy die medewerking van die lesers van „Die Matie" sal kry met die doel om elke poging wat aangewend word tot onderlinge samewerking te steun. Hy besef dat die verdonkering nie aangenaam sal wees nie en heelwat ongerief sal veroorsaak, maar ons is eenvoudig in die hande van die militêre gesaghebbendes."

## *Leiding van Front*

Met betrekking tot verskuiwings wat plaasgevind het onder die leiers van die A.N.S.-tak en die studente-afdeling van die O.B., is die leiding van die twee organisasies in hul gesamentlike optrede as Anti-liberalistiese Front nou as volg saamgestel:

Die leier van die Front is mnr. W. A. Joubert, in sy kapasiteit as Provinsiale Leier van die A.N.S. en Hoofkommandant van die Ossewabrandwag.

Onder hom is die A.N.S.-Taksleier Mnr. P. A. Theron en die O.B.-Kommandante mnr. J. Verster en mej. Elise Dürr.

Die A.N.S.-Taksleier word bygestaan deur 'n gekose Adviserende Raad (sien p. 1).

Onderstaande is die uitvoerende amptenare en leiers in die verskillende afdelings van die Front se werksaamhede:—

S. P. Botha: Sekretariaat.
D. Werth: Tesourier.
P. O. le Roux: Pers.
A. J. du Plessis: Arbeidsdiens.
J. Krige: Volkspele.
G. F. Stegmann: Musiek.
A. S. Roux: Demonstrasiediens.
B. N. Norgarb: Biblioteek.

## *PLATE-PROGRAM*

### *Sondagaand om 8.30*

### 'n Uurtjie met Schumann.

*„Musiek het iets Heiligs, dit kan, anders as ander kunste, alleen die Goeie skilder. — Jean Paul.*

Robert Alexander Schumann is in 1810 te Zwickau (Sakse), waar sy vader 'n boekhandelaar was, gebore. Sy moeder was verstandelik ongebalanseerd en 'n suster het selfmoord gepleeg in 'n neerslagtige bui. Van jongs af toon Robert 'n voorliefde vir musiek en letterkunde (Goethe, Byron, Jean Paul, Richter, ens.). Te Leipzig studeer hy later regte wat hy as „ys-koud en droog" beskou, en verlustig hom in die Gewandhaus-konserte en die musiek-onderrig van Wieck, die groot pianis. Schumann het baie in skuld verval en het taamlik gedrink. Wieck beloof om hom (na sy besoek te Heidelberg Universiteit) na drie jaar net so 'n groot pianis as Liszt te maak. Schumann beseer egter sy hand permanent in 'n poging om die omvang daarvan te verbeter, en wy hom daarna aan komposisie.

Soos Weber, was Schumann ook 'n groot musiekkritikus — hy word later bestuurder en redakteur van „Neue Leipziger Zeitschrift für Musik," waarin hy o.a. die opkoms van Chopin („Hoede af here, hier is 'n genie!") en Brahms begroet.

Gedurende sy tweede verblyf te Leipzig (1830 — 1844) komponeer hy van sy grootste klavierwerke. Nadat hy die onwillige vader voor die hof gedaag het, trou hy met Clara Wieck na haar mondigwording. Sy het 'n wonderlik liefdevolle vrou vir die eiewyse Schumann uitgemaak. Om die gebeurtenis te vier gee hy 'n groot aantal sangstukke uit.

In 1843 word hy lid van die passgestigte Leipzig Konservatorium (Mendelssohn was direkteur). Verskeie konsert-toere met sy vrou, Clara, volg — dis aan haar brilliante klavierspel te danke dat Schumann so bekend geword het as komponis. In slegte fisiese en geestelike toestand vertrek hy in 1844 na Dresden, waar Wagner opgang maak. Schumann vedwelkom hom „koel: „Ek kan die man, wat onophoudelik praat, nie verdra nie" — „Hy is nie 'n goeie musikus nie." (Wagner het weer van Schumann gesê: „Dit is onmoontlik om met 'n kêrel, wat skaars sy mond open, 'n diskussie te voer").

Te Dresden stig Schumann 'n koor wat hy self dirigeer, en hy word na Düsseldorf vir dieselfde doel genooi. Weens sy liggaamlike en geestelike agteruitgang is dit 'n mislukking, wat beide hom en sy vrou innig gegrief het.

In 1854 vra Schumann toegang na 'n sielsieke gestig naby Bonn, nadat hy 'n poging tot selfmoord deur verdrinking gedoen het. Hier sterf hy in 1856 en sy begrafnis-stoet word gelei deur die jeugdige Brahms en Joachim (later wêreldberoemde violis).

Hoewel Schumann 'n abnormale temperament gehad het, word dit nie in sy suiwere, romantiese musiek weerspieël nie. Hy is uitstaande as die beslis letterkudig-gesinde komponis, wat baie uitdruk in musiek wat hy as letterkunde gelees het, maar (anders as die definitiewe Program-musiek komponiste) bly hy tog in die natuurlike grense van die musikale kuns.

U hoor die volgende program (sal die aand verduidelik word):

(1) Dele uit sy groot klavierkomposisie — *„Carnaval Suite" Op. 2*, n.l. *„Pause"* en *„Marche des Davidsbündler."*

(2) 3 liedere: *„Du bist wie eine Blume," „Widmung"* en *„Ich Grolle nicht"* (uit Dichterliebe).

(3) *Klavier-konsert in A kleinterts.*

## *Onder Onsies*

Verlede Vrydagaand het Harmonie 'n goedgeslaagde dineefunksie gehou. Die eregaste was dr. en mev. Cillié (jnr.) en mnr. Alan Graham was die gas van die huismoeder. Na afloop van die dinee is die fliek besoek, daarna is 'n uiters vermaaklike program te Harmonie afgehandel.

* * *

Mej. Babes Wiese van Sonop het Vrydagaand haar mondigwording gevier in die Guide-saal. Die eregaste was dr. en mev. van Heeden. Onder die ander gaste is dr. en mev. Mac Donald van die Kaap ook opgemerk.

* * *

Woensdagaand het mnr. F. Stegmann 'n uiters leersame lesing oor Toscanini in die Konservatorium gehou. Dit was treffend opgeluister met plate-musiek. Ons hoop dis nie die laaste van mnr. Stegmann se lesings nie.

* * *

As addisionele Huiskomiteelede van Monica is gekies mejj. Louisa Nel, Nancie Theron en Ria Klue.

* * *

By die onlangse kranslegging by die begrafplaas van ou Patriotters te Daljosaphat, Paarl, is behalwe 'n aantal professore, ook 'n aansienlike getal Maties opgemerk o.a. mnr. W. du Toit, Charles Hopkins, mej. Elsabe de Waal, mej. Francie Pienaar, en mnr. Theo Pauw (oud-Matie).

## Huis-ten-Bosch hou Toraand

Weet julle waar om 'n visgraat, 'n sporaxis en 'n tiekie met 'n gaatjie te kry?

Kom Saterdagaand na Huis-ten-Bosch en neem deel aan hierdie nuwe skattejag! Elke groep van twee tot vier persone kry 'n lysie vergesogte interessanthede om enige plek in Stellenbosch te gaan soek. Bly binne die munisipale grense!

Kom deel in die pret van 'n toraand. (beetle drive). Kom speel tafeltennis en kom eet pannekoek, wafels, vrugteslaai, koe(k)sisters.

Kom wen die Victor Ludorum-prys!


HALDENWANG!!

HEERLIKE GEBAK — NET WAT U HART BEGEER.

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(FOON 135)



NOU WEER IN VOORRAAD

Die veelbesproke boek van DALE CARNEGIE

How to Win Friends and Influence People 9/6

Meer as 1,000,000 eksemplare van hierdie merkwaardige boek alreeds verkoop.

C.S.V.-BOEKHANDEL
Pleinstraat
STELLENBOSCH



Daar's 'n Rede

Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

Pro Ecclesia-Drukkery,
Die Laan, Stellenbosch.



Alfred Blommaert,

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.



DIE PÊRELSE STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar : Mnr. W. Marsh.



Rook Springbok-Sigarette

